higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOEGEPASTE REKENINGKUNDE
NKR VLAK 3

(3011003)

12 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye en 'n antwoordboek van 15 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Beantwoord AL die vrae in die ANTWOORDBOEK wat voorsien is.
4. Jy mag GEEN bladsye uit jou ANTWOORDBOEK verwyder nie.
5. Toon AL jou berekeninge.
6. Gebruik die tabel hier onder om jou leiding te gee oor hoeveel tyd jy aan elke vraag moet bestee.
7. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
8. BTW word teen 15% bereken.
9. Skryf netjies en leesbaar.

VRAE	ONDERWERPE	PUNTE	AANBEVOLE TYDSRIGLYN
AFDELING A			
1	Meerkeusevrae	20	10 minute
2	Kort teorievrae en berekeninge	20	15 minute
3	Kort teorievrae en berekeninge	20	15 minute
AFDELING B			
4	Hulpjoernale	60	70 minute
5	Algemene grootboek	30	30 minute
6	Finansiële jaareinde en state	30	25 minute
7	Rekeningkundige vergelyking	20	15 minute
	TOTAAL	**200**	**180 minute**

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Besittings wat binne 'n jaar in kontant omgesit kan word, staan as ... bekend.

A wins
B kapitaal
C bedryfsbates
D niebedryfsbates

1.1.2 Bereken die rente op 'n vaste deposito van R120 000 vir ses maande teen 'n rentekoers van 6% per jaar.

A R123 600
B R3 600
C R127 200
D R7 200

1.1.3 Watter EEN van die volgende is NIE 'n bedryfsbate in die balansstaat nie?

A Bank
B Handelsvoorraad
C Debiteure
D Belegging

1.1.4 Die totaal van die debiteurelys moet gelyk wees aan die ...

A totaal van die 'Debiteure'-kolom in die kontantontvangste-joernaal.
B saldo van die debiteurekontrolerekening in die algemene grootboek.
C totaal van die 'Verkope'-kolom in die debiteurejoernaal.
D totaal van die 'Debiteurekorting'-kolom in die debiteurekortings-joernaal.

1.1.5 Wanneer 'n debiteur voorraad aan 'n onderneming terugstuur, word die debiteurerekening in die debiteuregrootboek ...

A verhoog.
B gedebiteer.
C gekrediteer.
D nie geraak nie.

1.1.6 Die kosprys van goedere wat op krediet verkoop is, is R750, met 'n prysverhoging van 60% op die kosprys. Wat sal die verkoopsprys, BTW ingesluit, wees?

A R180,00
B R1 380,00
C R1 200,00 *
D R450,00

1.1.7 Die inskrywings in die algemene grootboek, wanneer 'n debiteur 'n betaling op hul rekening maak, is om ...

A debiteurekontrole te debiteer en handelsvoorraad te krediteer.
B debiteurekontrole te debiteer en bank te krediteer.
C bank te debiteer en krediteurekontrole te krediteer.
D handelsvoorraad te debiteer en bank te krediteer.

1.1.8 Wanneer jy brandstof by 'n petrolstasie koop, hoeveel BTW word gehef? *

A 0%
B 15%
C 14%
D 100%

1.1.9 Wanneer 'n uitstaande bedrag, wat aan 'n krediteur verskuldig was, vereffen word, word 'n korting van 5% ontvang. Die tjek is vir R7 500,00 uitgeskryf. Hoeveel was die korting?

A R375,00
B R7 875,00
C R7 894,74
D R394,74

1.1.10 'n ... is die brondokument wat gebruik word om die kontantverkope van handelsware te boekstaaf. *

A Depositostrokie
B Tjekteenblad
C Kasregisterrol
D Kredietfaktuur

(10 × 1) (10)

1.2 Kies 'n joernaal uit KOLOM B wat by 'n transaksie in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.2.1.–1.2.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	'n Transaksie wat veroorsaak dat die banksaldo afneem	A	Krediteurekortingsjoernaal
1.2.2	Kredietaankope van enige produk of diens	B	Kontantontvangstejoernaal
1.2.3	Kredietverkope van goedere	C	Debiteurejoernaal
1.2.4	Terugsending van goedere deur klante	D	Algemene joernaal
1.2.5	Die hef van rente op 'n klant se agterstallige rekening	E	Kontantbetalingsjoernaal
		F	Krediteurejoernaal
		G	Debiteurekortingsjoernaal

(5 × 1) (5)

1.3 Gee die woord/term vir elkeen van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Om 'n onderneming se finansiële prestasie te bepaal

1.3.2 'n Opsomming van al die aktiwiteite op die onderneming se bankrekening

1.3.3 Verkope minus koste van verkope

1.3.4 Word geproduseer wanneer goedere vir kontant verkoop word, maar die onderneming werk nie met 'n kasregisterrol nie

1.3.5 Weerspieël die onderneming se netto waarde

(5 × 1) (5)
[20]

VRAAG 2

2.1 Die inligting hier onder vir November 2018 is uit Bright Moon se boeke verkry. Sodat die organisasie sukses kan behaal, besluit hy om kredietverkope toe te laat. Bright Moon se kredietbepalingsbeleid is 30 dae. Hier onder is die rekening van 'n klant met 'n kredietlimiet van R8 000,00.

Bright Moon se debiteuregrootboek

Imonti Suppliers **D1**

Maand	Dag	Besonderhede	Fol.	DT	KT	Saldo
2018 Nov	1	Saldo	a/b			12 520.00
	3	Faktuur 38	DJ	5 770.00		18 290.00
	7	Kwitansie 455	KOJ		1 000.00	17 290.00
	11	Kredietnota 12	DKJ		320.00	16 970.00
	15	Bankstaat (V/T)	KBJ	1 000.00		17 970.00
	21	Joernaalbewys	AJ		461.60	17 508.40
	30	Joernaalbewys	AJ	130.00		17 638.40

2.1.1 Kry Bright Moon dit reg om sy kredietbepalingsbeleid effektief te bestuur? Dui TWEE punte aan. (2 × 2 + 1) (5)

2.1.2 Dien Bright Moon van raad oor TWEE maniere waarop Imonti Suppliers se rekening in die toekoms bestuur kan word. (2 × 2) (4)

2.2 Die volgende is 'n uittreksel uit Bright Moon se proefbalans vir Junie 2018:

Bright Moon se proefbalans op 30 Junie 2018

	FOL.	DEBITEER	KREDITEER
BALANSSTAATREKENINGE-AFDELING			
Kapitaal	B1		234 172
Onttrekkings	B2	25 756	
Voertuie	B3	179 000	
Vaste deposito: Right Bank (12%)	B4	80 000	
Handelsvoorraad	B5	129 896	
Bank	B6		20 436
Kleinkas	B7	600	
Los kontant	B8	5 570	
Debiteurekontrole	B9	19 000	
BTW-kontrole	B10		1 004
Krediteurekontrole	B11		24 364
Verband: ABBA Bank (8%)	B12		100 000
Korttermynlening: ABBA Bank (10%)	B13		30 000

2.2.1 Bereken die totaal van Bright Moon se bedryfslaste. Toon AL jou berekeninge. (5)

2.3 Verduidelik waarom die totaal van die krediteurelys gelyk aan die saldo op die krediteurekontrolerekening moet wees. (3)

2.4 Bright Moon koop 'n mikrogolfoond op krediet vir sy werknemers se gebruik.

2.4.1 Kan BTW op die mikrogolfoond teruggeëis word? (1)

2.4.2 Gee 'n rede vir jou antwoord op VRAAG 2.4.1. (2)

[20]

VRAAG 3

3.1 Mzansi Art Gallery koop 'n skildery vir R7 800, BTW ingesluit, by 'n kunstenaar. Mzansi Art Gallery gebruik 'n prystoeslag van 110% op kosprys. G. Hall koop die skildery by Mzansi Art Gallery. Beantwoord die volgende deur AL jou berekeninge te toon:

3.1.1 Hoeveel is die inset-BTW?

3.1.2 Bereken die kosprys, BTW uitgesluit.

3.1.3 Bereken die verkoopsprys, BTW uitgesluit.

3.1.4 Hoeveel is die uitset-BTW?

(4 × 2) (8)

3.2 Bonono Gallery verkoop kuns op krediet aan Sunset Calm vir R38 200, BTW ingesluit. Rente word teen 7% per jaar op agterstallige rekeninge gehef. Sunset Calm is laat met sy betaling en rente word op sy agterstallige rekening gehef.

3.2.1 Hoeveel rente word vir die twee maande op die uitstaande bedrag ten opsigte van Sunset Calm gehef? (3)

3.2.2 Wat is die totale bedrag wat aan Bonono Gallery verskuldig is? (3)

3.3 Bonono Gallery koop voorraad vir R11 300 op krediet by Roaming Merchants aan. Bonono Gallery ontvang 'n handelskorting van 8% en sal 'n verdere 3%-korting ontvang as hy die voorraad binne 30 dae betaal.

3.3.1 Wat is die handelskortingsbedrag? (2)

3.3.2 As Bonono Gallery binne 30 dae betaal, hoeveel sal die vroeëbetalingskorting dan wees? (2)

3.3.3 In watter joernaal moet die vroeëbetalingskorting geboekstaaf word? (2)

[20]

TOTAAL VIR AFDELING A: 60

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4

Rush Hour Enterprise is 'n geregistreerde BTW-onderneming wat slegs met ander geregistreerde ondernemers sake doen. Die onderneming maak van 'n deurlopendevoorraadstelsel en 'n prystoeslag van 40% op die kosprys gebruik.

VERLANG

- Sleutel die transaksies met behulp van die inligting hier onder in die volgende toepaslike hulpjoernale in.
- Bereken BTW teen 15% in ALLE joernale waarop BTW van toepassing is, tensy andersins aangedui word.
- Rond die bedrae af tot TWEE desimale.
- Moet NIE die joernale op 30 Junie 2018 afsluit nie.

4.1	Kontantontvangstejoernaal	(14)
4.2	Kontantbetalingsjoernaal	(13)
4.3	Krediteurejoernaal	(8)
4.4	Krediteurekortingsjoernaal	(2)
4.5	Debiteurejoernaal	(9)
4.6	Debiteurekortingsjoernaal	(3)
4.7	Algemene joernaal (geen beskrywings verlang nie)	(11)

Kopiereg voorbehou

TRANSAKSIES VIR JUNIE 2018

KASREGISTERROLLE

CRR 24	**CRR 25**
1 Junie 2018	16 Junie 2018
R28 100.00	**R9 200.00**

DUPLIKAATKWITANSIES



RUSH HOUR ENTERPRISES

KWITANSIENR.: 865

03/06/2018

Ontvang van Secure Bank
Die som van Eenhonderd en vyfduisend rand alleenlik *R105 000. 00*
As betaling van Vervalde vaste deposito

S. Mtamo
Met dank



RUSH HOUR ENTERPRISES

KWITANSIENR.: 866

10/06/2018

Ontvang van D_2D Distributors
Die som van Agtienduisend tweehonderd rand *R18 200. 00*
As betaling van Vereffening van rekening van R20 000,00

S. Mtamo
Met dank



RUSH HOUR ENTERPRISES

KWITANSIENR.: 867

19/06/2018

Ontvang van T. Vester
Die som van Negeduisend vyfhonderd rand *R9 500. 00*
As betaling van Huurgeld vir kantoorgebou betaal

S. Mtamo
Met dank

Kopiereg voorbehou
Blaai om asseblief

DUPLIKATE VAN DEPOSITOSTROKIES

ABBA BANK BPK				
			DEPOSITOSTROKIE	
			05/06/2018	
Krediteer *Rush Hour Enterprise*		*Aanteke-ninge*	*R 25 000*	*00*
Rekeningnr.: *9845321607*		*Munte*	*R 3 100*	*00*
		TOTAAL	*R 28 100*	*00*
Tjeks				
Trekker	***Bank***	***Tak***		
Secure Bank	*Secure Bnk*	*Kaapstad*	*R105 000*	*00*
Inbetaal deur: *S. Mtamo*			*R133 100*	*00*

ABBA BANK BPK				
			DEPOSITOSTROKIE	
			14/06/2018	
Krediteer *Rush Hour Enterprise*		*Aanteke-ninge*	*R 8 900*	*00*
Rekeningnr.: *9845321607*		*Munte*	*R 300*	*00*
		TOTAAL	*R 9 200*	*00*
Tjeks				
Trekker	***Bank***	***Tak***		
D_2D Distributors	*JRB*	*Kaapstad*	*R 18 200*	*00*
Inbetaal deur: *S. Mtamo*			*R 27 400*	*00*

ABBA BANK BPK				
			DEPOSITOSTROKIE	
			21/06/2018	
Krediteer *Rush Hour Enterprise*		*Aanteke-ninge*		
Rekeningnr.: *9845321607*		*Munte*		
		TOTAAL		
Tjeks				
Trekker	***Bank***	***Tak***		
T. Vester	*REM*	*Kaapstad*	*R 9 500*	*00*
Inbetaal deur: *S. Mtamo*			*R 9 500*	*00*

TJEKTEENBLAAIE

	Nr.: 325
Datum	*5 Junie 2018*
Aan	*Hall Geïnk*
Vir	*Voorraad*
Bedrag	*R17 200,00*

	Nr.: 326
Datum	*9 Junie 2018*
Aan	*Telkom*
Vir	*ADSL-huur*
Bedrag	*R3 450,00*

	Nr.: 327
Datum	*22 Junie 2018*
Aan	*Shaad's Suppliers*
Vir	*Betaling ten opsigte van rekening – korting ontvang, R210*
Bedrag:	*R3 600,00*

	Nr.: 328
Datum	*25 Junie 2018*
Aan	Zennith
Vir	Bruikhuurfooie
Bedrag	*R7 300,00*

	Nr.: 329
Datum	*29 Junie 2018*
Aan	Bites & Bytes
Vir	*Ink vir die drukker*
Bedrag	*R736,00*

	Nr.: 330
Datum	*30 Junie 2018*
Aan	*Munisipaliteit*
Vir	*Water en elektrisiteit, R2 100 Diensgelde en belasting, R400*
Bedrag	*R2 500,00*

OORSPRONKLIKE KREDIETFAKTURE VAN VERSKAFFERS ONTVANG

Kopiereg voorbehou

Rush Hour Enterprises volg die gebruik om oorspronklike kredietfakture oor te nommer. Begin deur dit vanaf CJ630 te hernommer.

Dag	Dokument-nommer	Transaksie	Bedrag	
			R	c
8	BB874	Bites & Bytes, vir 'n kleurdrukker	5 300	00
22	SS165	Shaad's Suppliers, vir voorraad	6 980	00
27	INV474	Jumbo Couriers, vir dokumente wat namens die eienaar se seun gekoerier is	190	00
30	XCV63	Alex Garage, vir diesel	3 200	00

DUPLIKAATDEBIETNOTAS AAN VERSKAFFERS UITGEREIK

Dag	Dokument-nommer	Transaksie	Bedrag	
			R	c
10	DN80	Shaad's Suppliers, vir die verkeerde voorraaditems	1 600	00

DUPLIKAATKREDIETFAKTURE

Dag	Dokument-nommer	Transaksie	Bedrag	
			R	c
6	RH262	D_2D Distributors	7 950	00
16	RH263	J. Present	3 650	00
20	RH264	BidPower	2 820	00

OORSPRONKLIKE KREDIETNOTAS VIR VERKOOPSTERUGSENDINGS

Dag	Dokument-nommer	Transaksie	Bedrag	
			R	c
18	CN23	D_2D Distributors, vir beskadigde goedere	880	00

DIVERSE TRANSAKSIES

Dag	Dokument-nommer	Transaksie	Bedrag	
			R	c
13	JV10	Ontvang 'n kennisgewing van Bowl Trader se prokureurs dat Bowl Trader gelikwideer is. Skryf sy skuld as oninbaar af.	1 900	00
26	JV11	Motorolie in Mei 2018 aangekoop is verkeerdelik teen die voertuigrekening gedebiteer. Stel hierdie fout reg.	220	00
30	JV12	Bites & Bytes stel ons in kennis dat hy rente ten opsigte van ons uitstaande rekening vir April en Mei gehef het. Boekstaaf die rente wat gehef is.	250	00

[60]

VRAAG 5

Die volgende inligting is uit Westlake Wholesalers se boeke verkry:

VERLANG

Stel die volgende algemenegrootboekrekeninge op en balanseer elkeen:

5.1	Kapitaal	(4)
5.2	Handelsvoorraad	(9)
5.3	Krediteurekontrole	(7)
5.4	Koste van verkope	(7)
5.5	Debiteurekortings	(3)

INLIGTING

Saldo's op 01/06/2018:	**R**
Kapitaal	210 000
Handelsvoorraad	12 200
Krediteurekontrole	32 400
Koste van verkope	5 700
Debiteurekortings	1 750

WESTLAKE WHOLESALERS SE KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL – JUNIE 2018 KOJ 6

Dok. nr.	Dag	Besonderhede	Fol.	Ontleding van ontvangste	Bank	Verkope	Koste van verkope	Debiteure-kontrole	Diverse rekeninge		
									Bedrag	Fol.	Besonderhede
					18 350	6 100	4 575	2 600	10 000		Kapitaal

WESTLAKE WHOLESALERS SE KONTANTBETALINGSJOERNAAL – JUNIE 2018 KBJ 6

Dok. nr.	Dag	Naam van begunstigde	Fol.	Bank	Handels-voorraad	Krediteure-kontrole	Debiteure-kontrole	Diverse rekeninge		
								Bedrag	Fol.	Besonderhede
				6 000	3 300	2 100	850	500		Onttrekkings

WESTLAKE WHOLESALERS SE DEBITEUREJOERNAAL – JUNIE 2018

Dok. nr.	Dag	Debiteur	Fol.	Verkope	Koste van verkope
				860	430

*

WESTLAKE WHOLESALERS SE DEBITEUREKORTINGSJOERNAAL – JUNIE 2018 DKJ6

Dok. nr.	Dag	Debiteur	Fol.	Debiteurekorting	Koste van verkope
				430	215

*

WESTLAKE WHOLESALERS SE KREDITEUREJOERNAAL – JUNIE 2018 KJ6

Dok. nr.	Dag	Naam van begunstigde	Fol.	Krediteure-kontrole	Handels-voorraad	Skryfbe-hoeftes	Diverse rekeninge		
							Bedrag	Fol.	Besonder-hede
				9 200	4 800	700	3 700		Verpakking

WESTLAKE WHOLESALERS SE KREDITEUREKORTINGSJOERNAAL – JUNIE 2018 KKJ6

Dok. nr.	Dag	Naam van begunstigde	Fol.	Krediteure-kontrole	Handels-voorraad	Skryfbehoeftes	Diverse rekeninge		
							Bedrag	Fol.	Besonderhede
				1 300		200	1 100		Verpakking

WESTLAKE WHOLESALERS SE ALGEMENE JOERNAAL – JUNIE 2018

	DEBITEER	KREDITEER
Meubels	40 000	
Kapitaal		40 000
Eienaar dra meubels as kapitaal by		

*

[30]

VRAAG 6

Die volgende inligting is uit Novela Stores se boeke op 31 Mei 2018 verkry. Stel die volgende met behulp van die inligting hier onder op:

6.1 Handelsrekening (5)

6.2 Wins-en-verlies-rekening (13)

6.3 Eiendom, aanleg en toerusting (4)

6.4 Kontant en kontantekwivalente: (4)

6.5 Eienaarsbelang (4)

NOVELA STORES SE PROEFBALANS VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MEI 2018

		Debiteer		**Krediteer**	
BALANSSTAATAFDELING					
Kapitaal	B1			638 600	00
Onttrekkings	B2	52 600	00		
Grond en geboue	B3	260 000	00		
Voertuie	B4	208 400	00		
Toerusting	B5	110 500	00		
Voorraad	B6	53 400	00		
Bank	B7	55 100	00		
Debiteurekontrole	B8	63 200	00		
Kleinkas	B9	900	00		
Los kontant ('float')	B10	600	00		
Krediteurekontrole	B11			27 800	00
NOMINALE AFDELING					
Verkope	N1			620 400	00
Koste van verkope	N2	382 300	00		
Debiteurekortings	N3	4 700	00		
Huurgeld ontvang	N4			15 000	00
Telefoon	N5	24 900	00		
Regsgelde	N6	75 200	00		
Lone en salarisse	N7	36 000	00		
Water en elektrisiteit	N8	1 600	00		
Skoonmaakkoste	N9	5 100	00		
Kommissie ontvang	N10			24 700	00
Slegte skuld verhaal	N11			8 000	00
		1 334 500	00	1 334 500	00

[30]

VRAAG 7

Ontleed die transaksies hier onder wat uit Lebo's Traders se boeke verkry is deur die rekening gedebiteer en die rekening gekrediteer in die algemene grootboek te toon. Wys ook die uitwerking wat elke transaksie op die rekeningkundige vergelyking het deur 'n toename met 'n +, 'n afname met 'n – en geen uitwerking met 0 aan te dui.

Lebo's Traders maak van die deurlopendevoorraadmetode gebruik, met 'n prystoeslag van 120% op kosprys. Lebo's Traders is NIE 'n BTW-ondernemer nie. Hier onder volg verskeie transaksies vir November 2018.

Let wel: Rond af tot die naaste rand.

TRANSAKSIES

7.1	Lebo's Traders koop 'n liasseerkabinet vir R8 900 op krediet by Dial Files.	(5)
7.2	Die rente van R156,00 wat ontvang is, is verkeerdelik na die korting ontvang-rekening oorgeboek. Stel die fout reg.	(5)
7.3	Kontantverkope van handelsvoorraad is vir R7 600,00 gemaak.	(10)
		[20]

TOTAAL VIR AFDELING B: 140
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou